Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



No. R. 1047 25 Mei 1984

WET OP DIE BEWARING VAN LANDBOUHULPBRONNE, 1983 (WET 43 VAN 1983)

GRONDBEWARINGSKEMA.—INSTELLING

Ek, Gert Jermias Kotzé, Adjunk-minister van Landbou, handelende namens die Minister van Landbou stel hierby kragtens artikel 8, gelees met artikel 9, van die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983), die Grondbewaringskema in die Bylae in.

G. J. KOTZÉ, Adjunk-minister van Landbou.

**BYLAE**

***Woordomskrywing***

1. In hierdie skema het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"afleibaan" 'n kunsmatige vloeipad wat op grond opgerig is ten einde afloopwater weg te voer sonder om oormatige grondverlies te veroorsaak;

"beskermingswerk" 'n grondbewaringswerk wat ingevolge artikel 6 (1) as 'n beskermingswerk geklassifiseer is;

"die Wet" die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983), en die regulasies daarkragtens uitgevaardig;

"dreineringswerk" 'n grondbewaringswerk wat ingevolge artikel 6 (2) as 'n dreineringswerk geklassifiseer is;

"droogtebystandwerk" 'n grondbewaringswerk wat ingevolge artikel 6 (4) as 'n droogtebystandwerk geklassifiseer is;

"oormatige grondverlies" die verlies aan grond deur erosie wat na die oordeel van die uitvoerende beampte die norm oorskry wat hy in 'n gegewe situasie met inagneming van die toepaslike natuurlike faktore en boerderypraktyke as gangbaar beskou;

"plaaseenheid" een of meer stukke grond wat elk afsonderlik in 'n aktekantoor geregistreer is en as 'n enkele eenheid geboer word;

"plaasplan" 'n plaasplan in artikel 11 bedoel; en

"veld" grond wat nie bewerk word of bewerk is nie en waarop inheemse plantegroei, of ander plantegroei wat na die oordeel van die uitvoerende beampte as weiding vir diere benut word of kan word, voorkom;

"voorligtingskantoor", 'n kantoor van die departement wat ingestel is met die oog op die lewering van landboukundige voorligtingsdienste; en

"weiveldbenuttingswerk" 'n grondbewaringswerk wat ingevolge artikel 6 (3) as 'n weiveldbenuttingswerk geklassifiseer is.

***Naam van skema***

2. Hierdie skema heet die Grondbewaringskema.

***Doelstellings van die skema***

3. Die doelstellings van hierdie skema is om die oprigting van sekere grondbewaringswerke te bevorder met die oog daarop om die produksievermoë van grond te handhaaf en oormatige grondverlies weens erosie te bestry of te voorkom, en om die betaling van subsidies uit geld wat vir die doeleindes van hierdie skema deur die Parlement bewillig is, te reël.

***Toepassing van skema***

4. Hierdie skema is van toepassing op alle grond uitgesonderd grond in artikel 2 (1) van die Wet vermeld.

No. R. 1047 25 May 1984

CONSERVATION OF AGRICULTURAL RESOURCES ACT, 1983 (ACT 43 OF 1983)

SOIL CONSERVATION SCHEME.—ESTABLISHMENT

I, Gert Jeremias Kotzé, Deputy Minister of Agriculture, acting on behalf of the Minister of Agriculture hereby establish by virtue of section 8 read with section 9 of the Conservation of Agricultural Resources Act, 1983 (Act 43 of 1983), the soil conservation scheme in the Schedule.

G. J. KOTZÉ, Deputy Minister of Agriculture.

**SCHEDULE**

***Definitions***

1. Any word or expression in this scheme to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning and, unless the context otherwise indicates—

"drainage work" means a soil conservation work classified in terms of section 6 (2) as a drainage work;

"drought relief work" means a soil conservation work classified in terms of section 6 (4) as a drought relief work;

"excessive soil loss" means the loss of soil through erosion that in the opinion of the executive officer exceeds the norm which he deems tolerable in a given situation with due regard to the relevant natural factors and farming practices;

"extension office" means an office of the department established with a view to the rendering of agricultural extension services;

"farm plan" means a farm plan referred to in section 11;

"farm unit" means one or more pieces of land, each of which is registered separately in a deeds office, and which is farmed as a single unit;

"protection work" means a soil conservation work classified in terms of section 6 (1) as a protection work;

"the Act" means the Conservation of Agricultural Resources Act, 1983 (Act 43 of 1983), and the regulations made thereunder;

"veld" means land which is not being or has not been cultivated and on which indigenous vegetation, or other vegetation which in the opinion of the executive officer is or can be utilised as grazing for animals, occurs;

"veld utilisation work" means a soil conservation work classified in terms of section 6 (3) as a veld utilisation work; and

"waterway" means an artificial flow path constructed on land in order to carry away run-off water without causing excessive soil loss.

***Name of scheme***

2. This scheme shall be known as the Soil Conservation Scheme.

***Objects of scheme***

3. The objects of this scheme shall be to promote the construction of certain soil conservation works with a view to maintaining the production potential of land and to combating or preventing excessive soil loss through erosion, and to regulate the payment of subsidies out of moneys appropriated by Parliament for the purposes of this scheme.

***Application of scheme***

4. This scheme shall apply to all land except land specified in section 2 (1) of the Act.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



***Handelinge ten opsigte waarvan subsidies betaal kan word***

5. Subsidies kan ingevolge hierdie skema betaal word ten opsigte van die oprigting van grondbewaringswerke wat as beskermingswerke, dreineringswerke, weiveldbenuttingswerke of droogtebystandwerke geklassifiseer is.

***Klassifisering van grondbewaringswerke***

6. (1) 'n Grondbewaringswerk kan vir die doeleindes van hierdie skema as 'n beskermingswerk geklassifiseer word indien die uitvoerende beampte oortuig is dat dit—

(a) 'n stuwal is wat ten doel het om 'n waterloop te stabiliseer;

(b) 'n dongaversperring of wal is wat ten doel het om 'n donga te stabiliseer of te laat toeslik;

(c) 'n invalstruktuur, geut of keerwal is wat ten doel het om 'n dongakop te stabiliseer;

(d) 'n skans is wat ten doel het om die wegvreting van 'n dongawal te voorkom;

(e) 'n wal, stormwatervoor, omgekeerde kontoerwal of 'n spreiwal is wat ten doel het om ontblote of verspoelde grond te herwin;

(f) 'n stormwatervoor, kontoerwal of afleibaan is wat ten doel het om bewerkte grond teen oormatige grondverlies te beskerm;

(g) 'n werk is wat ten doel het om waaisand te herwin deur dit met geskikte materiaal te bedek of 'n dekgewas daarop te vestig; of

(h) 'n heining om 'n gebied is waar oormatige grondverlies weens erosie deur water of wind voorkom of wat kwesbaar daarvoor is, wat ten doel het om daardie gebied af te kamp ten einde dit aan bewerking of beweiding te onttrek met die oog op die herwinning daarvan.

(2) 'n Grondbewaringswerk kan vir die doeleindes van hierdie skema as 'n dreineringswerk geklassifiseer word indien die uitvoerende beampte oortuig is dat dit 'n oop sugsloot of ondergrondse dreineringsgang is wat ten doel het om deur middel van die dreinering van en veilige beskikking oor oortollige bo- of ondergrondse water die versuiping of verbrakking van grond te voorkom.

(3) 'n Grondbewaringswerk kan vir die doeleindes van hierdie skema as 'n weiveldbenuttingswerk geklassifiseer word indien die uitvoerende beampte oortuig is dat dit—

(a) 'n kampheining is wat ten doel het om die veld van 'n plaaseenheid in morfologiese eenhede te skei of om sodanige morfologiese eenhede te verdeel sodat sodanige veld afwisselend bewei en gerus kan word volgens die fisiologiese behoeftes van die plantegroei daarop; of

(b) 'n veesuipingstelsel is wat ten doel het om drinkwater vir diere beskikbaar te stel wanneer 'n bepaalde morfologiese eenheid of verdeling daarvan bewei word.

(4) 'n Grondbewaringswerk kan vir die doeleindes van hierdie skema as 'n droogtebystandwerk geklassifiseer word indien die uitvoerende beampte oortuig is dat dit—

(a) opbergingsfasiliteite vir voer is; of

(b) 'n voerkraal of voerkamp toegerus met voerkrippe en 'n veesuipingstelsel is, wat ten doel het om voerfasiliteite op 'n plaaseenheid te skep vir diere wat gedurende 'n ernstige droogte van die veld van daardie plaaseenheid onttrek moet word.

***Grondslag vir die bepaling van subsidies***

7. (1) Die subsidies wat ingevolge hierdie skema ten opsigte van die oprigting van grondbewaringswerke betaal kan word, word bepaal ooreenkomstig die toepaslike tariewe soos aangeteken in 'n tarieflys wat deur die Minister met die instemming van die Minister van Finansies goedgekeur is en vir dié doel by die kantoor van die uitvoerende beampte gehou word.

***Acts in respect of which subsidies may be paid.***

5. Subsidies may be paid in terms of this scheme in respect of the construction of soil conservation works classified as protection works, drainage works, veld utilisation works or drought relief works.

***Classification of soil conservation works***

6. (1) A soil conservation work may for the purposes of this scheme be classified as a protection work if the executive officer is satisfied that it is—

(a) a weir that has as its object to stabilise a water course;

(b) a donga barrier or embankment that has as its object to stabilise a donga or to cause it to silt up;

(c) a drop-inlet, chute or training bank that has as its object to stabilise a donga head;

(d) a barrier that has as its object to prevent the scouring of a donga embankment;

(e) an embankment, storm-water furrow, inverted contour bank or a spreader bank that has as its object to reclaim denuded or eroded land;

(f) a storm-water furrow, contour bank or waterway that has as its object to protect cultivated land against excessive soil loss;

(g) a work that has as its object to reclaim drift sand by covering it with suitable material or establishing a cover crop thereon; or

(h) a fence around an area where excessive soil loss due to erosion through water or wind occurs or which is vulnerable thereto, that has as its object to fence off that area in order to withdrawn it from cultivation or grazing with a view to the reclamation thereof.

(2) A soil conservation work may for the purposes of this scheme be classified as a drainage work if the executive officer is satisfied that it is an open drainage furrow or underground drainage passage that has as its object to prevent, by means of the drainage and safe disposal of excess surface or underground water, the waterlogging or salination of land.

(3) A soil conservation work may for the purposes of this scheme be classified as a veld utilisation work if the executive officer is satisfied that it is—

(a) a camp fence that has as its object to separate the veld of a farm unit into morphological units or to divide such morphological units in order that such veld may be alternately grazed and rested according to the physiological requirements of the vegetation thereon; or

(b) a stock watering system that has as its object to provide drinking water for animals when a particular morphological unit or a division thereof is grazed.

(4) A soil conservation work may for the purposes of this scheme be classified as a drought relief work if the executive officer is satisfied that it is—

(a) a storage facility for fodder; or

(b) a feedlot or feed paddock equipped with feeding troughs and a stock watering system, that has as its object to create feeding facilities on a farm unit for animals that are to be withdrawn from the veld of that farm unit during a severe drought.

***Basis for the determination of subsidies***

7. (1) The subsidies that may be paid in terms of this scheme in respect of the construction of soil conservation works shall be determined in accordance with the applicable tariffs as recorded in a tariff list approved by the Minister with the concurrence of the Minister of Finance and kept at the office of the executive officer for this purpose.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Sodanige tarieflys word geag deel van hierdie skema uit te maak.

(3) Afskrifte van die tarieflys in subartikel (1) bedoel, is ter insae beskikbaar by—

(a) die kantoor van die uitvoerende beampte;

(b) die kantoor van elke streekdirekteur;

(c) elke voorligtingskantoor; en

(d) sodanige ander kantoor as wat die uitvoerende beampte bepaal.

***Vereistes vir betaling van subsidies***

8. 'n Subsidie kan kragtens hierdie skema ten opsigte van die oprigting van 'n grondbewaringswerk aan 'n grondgebruiker betaal word indien—

(a) daardie grondgebruiker die eienaar van die plaaseenheid is waarop sodanige grondbewaringswerk opgerig is;

(b) die plaaseenheid waarop sodanige grondbewaringswerk opgerig is—

(i) geleë is in die gebied in artikel 4 bedoel; en

(ii) ingevolge artikel 10 vir deelname aan hierdie skema ingeskryf is of geag word aldus ingeskryf te wees;

(c) sodanige grondbewaringswerk ingevolge artikel 6 as 'n beskermingswerk, 'n dreineringswerk, 'n weiveldbenuttingswerk of 'n droogtebystandwerk geklassifiseer is;

(d) die oprigting van sodanige grondbewaringswerk as 'n voorgestelde werk aangedui is in die lys van grondbewaringswerke wat deel van die plaasplan vir die betrokke plaaseenheid uitmaak;

(e) 'n toestemming vir die oprigting van sodanige grondbewaringswerk ingevolge artikel 12 uitgereik is of geag word aldus uitgereik te gewees het;

(f) 'n kennisgewing van die voltooiing van sodanige grondbewaringswerk ingevolge artikel 13 verstrek is of geag word aldus verstrek te gewees het;

(g) die plek waar sodanige grondbewaringswerk opgerig is, ooreenstem met die benaderde posisie daarvan soos aangedui op die kaart wat deel van die plaasplan vir die betrokke plaaseenheid uitmaak;

(h) die afmetings en spesifikasies van sodanige grondbewaringswerk ooreenstem met die planne en spesifikasies waarvan die betrokke toestemming in artikel 12 bedoel, vergesel gegaan het of wat ingevolge daardie artikel aanvaar is;

(i) 'n verklaring of verslag oor sodanige grondbewaringswerk ingevolge artikel 15 afgelê of opgestel is of geag word aldus afgelê of opgestel te gewees het;

(j) sodanige verklaring of verslag ingevolge artikel 16 deur die uitvoerende beampte aanvaar is, en geld wat vir die doeleindes van hierdie skema bewillig is, beskikbaar is; en

(k) al die ander bepalings van hierdie skema met betrekking tot sodanige grondbewaringswerk en die plaaseenheid waarop dit opgerig is, nagekom is.

***Aansoeke om deelname aan skema***

9. (1) 'n Aansoek om die inskrywing van 'n plaaseenheid met die oog op deelname aan hierdie skema moet op 'n vorm gedoen word wat vir dié doel by 'n voorligtingskantoor verkrygbaar is.

(2) So 'n aansoekvorm moet—

(a) behoudens die bepalings van subartikel (4), deur die eienaar van die betrokke plaaseenheid ingevul word; en

(b) nadat dit aldus ingevul is, by die voorligtingskantoor vir die gebied waarin die betrokke plaaseenheid geleë is, ingedien word.

(2) Such tariff list shall be deemed to form part of this scheme.

(3) Copies of the tariff list referred to in subsection (1) shall be available for inspection at—

(a) the office of the executive officer;

(b) the office of each regional director;

(c) each extension office; and

(d) such other office as the executive officer may determine.

***Requirements for payment of subsidies***

8. A subsidy may be paid to a land user in terms of this scheme in respect of the construction of a soil conservation work if—

(a) that land user is the owner of the farm unit on which such soil conservation work has been constructed;

(b) the farm unit on which such soil conservation work has been constructed—

(i) is situated within the area referred to in section 4; and

(ii) has been entered for participation in this scheme in terms of section 10 or is deemed to have been thus entered;

(c) such soil conservation work has been classified in terms of section 6 as a protection work, a drainage work, a veld utilisation work or a drought relief work;

(d) the construction of such soil conservation work has been indicated as a proposed work in the list of soil conservation works forming part of the farm plan for the farm unit concerned;

(e) a consent for the construction of such soil conservation work has been issued in terms of section 12 or is deemed to have been thus issued;

(f) a notice of the completion of such soil conservation work has been furnished in terms of section 13 or is deemed to have been thus furnished;

(g) the place at which such soil conservation work has been constructed corresponds with the approximate position thereof as indicated on the map forming part of the farm plan for the farm unit concerned;

(h) the dimensions and specifications of such soil conservation work correspond with the plans and specifications that accompanied the relevant consent referred to in section 12 or have been accepted in terms of that section;

(i) a statement or report on such soil conservation work has been made or compiled in terms of section 15 or is deemed to have been thus made or compiled;

(j) such statement or report has been accepted by the executive officer in terms of section 16, and moneys appropriated for the purposes of this scheme are available; and

(k) all the other provisions of this scheme with regard to such soil conservation work and the farm unit on which it has been constructed have been complied with.

***Applications for participation in scheme***

9. (1) An application for the entry of a farm unit with a view to participation in this scheme shall be made on a form obtainable for this purpose from an extension office.

(2) Such an application form shall—

(a) subject to the provisions of subsection (4), be completed by the owner of the farm unit concerned; and

(b) after being thus completed, be lodged at the extension office for the area within which the farm unit concerned is situated.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(3) 'n Aansoekvorm in subartikel (2) bedoel, moet, tensy die betrokke stukke voorheen ingedien is saam met 'n aansoek om die betaling van subsidies of toekennings ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), of 'n aansoek om die inskrywing van die betrokke plaaseenheid met die oog op deelname aan 'n ander skema, vergesel gaan van—

(a) dokumentêre bewys van die identiteit van die betrokke aansoeker;

(b) 'n gewaarmerkte afskrif van die titelbewys van die grond waaruit die betrokke plaaseenheid bestaan;

(c) indien van toepassing, 'n gewaarmerkte afskrif van—

(i) die koopooreenkoms ten opsigte van die grond waaruit die betrokke plaaseenheid bestaan, indien daardie grond nog nie op naam van sodanige aansoeker geregistreer is nie: Met dien verstande dat geen subsidie in sodanige geval betaalbaar is voordat 'n gewaarmerkte afskrif van die titelbewys waarby die betrokke grond op naam van daardie aansoeker geregistreer is, ingedien is nie; of

(ii) dokumentêre bewys van die vruggebruik waaraan die grond waaruit die betrokke plaaseenheid bestaan, onderworpe is, indien sodanige aansoeker die vruggebruiker van daardie plaaseenheid is; en

(d) sodanige ander toepaslike stukke as wat ingevolge subartikel (4) vereis word.

(4) Indien die eienaar van 'n plaaseenheid ten opsigte waarvan 'n aansoekvorm in subartikel (1) bedoel, ingevul is—

(a) minderjarig is, moet die aansoekvorm deur die ouer of wettige voog van sodanige minderjarige onderteken word;

(b) 'n getroude vrou is, moet die aansoekvorm deur haar eggenoot mede-onderteken word as bewys dat sy deur hom bygestaan word;

(c) 'n boedel is, moet die aansoekvorm deur die eksekuteur of kurator van sodanige boedel onderteken word: Met dien verstande dat sodanige aansoekvorm van 'n gewaarmerkte afskrif van die aanstellingsbrief van die betrokke eksekuteur of kurator, vergesel moet gaan;

(d) 'n regspersoon is, moet die aansoekvorm deur iemand onderteken word wat behoorlik daartoe gemagtig is: Met dien verstande dat—

(i) die hoedanigheid van die betrokke persoon op sodanige aansoekvorm vermeld moet word; en

(ii) sodanige aansoekvorm van 'n gewaarmerkte uittreksel uit die notule wat die besluit bevat waarby daardie magtiging gegee is, vergesel moet gaan;

(e) iemand anders gemagtig het om namens hom aansoek te doen, moet die aansoekvorm deur die betrokke gemagtigde persoon onderteken word: Met dien verstande dat sodanige aansoekvorm van die betrokke volmag vergesel moet gaan;

(f) 'n vennootskap is of indien sodanige plaaseenheid deur meer as een persoon besit word, moet die aansoekvorm deur al die betrokke vennote of mede-eienaars onderteken word, tensy een van die vennote of mede-eienaars 'n volmag in paragraaf (e) bedoel, het; of

(g) 'n trust is, moet die aansoekvorm deur die trustee van sodanige trust onderteken word: Met dien verstande dat sodanige aansoekvorm van gewaarmerkte afskrifte van die stukke waarkragtens die betrokke trust geskep en die betrokke trustee aangestel is, vergesel moet gaan.

(3) An application form referred to in subsection (2) shall, unless the documents concerned have previously been submitted together with an application for the payment of subsidies or grants in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), or an application for the entry of the farm unit concerned with a view to participation in another scheme, be accompanied by—

(a) documentary proof of the identity of the applicant concerned;

(b) a certified copy of the title deed of the land comprising the farm unit concerned;

(c) if applicable, a certified copy of—

(i) the purchase agreement in respect of the land comprising the farm unit concerned, if that land has not yet been registered in the name of such applicant: Provided that no subsidy shall in such case be payable before a certified copy of the title deed whereby the land concerned was registered in the name of that applicant has been submitted; or

(ii) documentary evidence of the usufruct to which the land comprising the farm unit concerned is subject, if such applicant is the usufructuary of that farm unit; and

(d) such other applicable documents as may be required in terms of subsection (4).

(4) If the owner of a farm unit in respect of which an application form referred to in subsection (1) has been completed—

(a) is a minor, the application form shall be signed by the parent or legal guardian of such minor;

(b) is a married woman, the application form shall be countersigned by her spouse as evidence that she is assisted by him;

(c) is an estate, the application form shall be signed by the executor or curator of such estate: Provided that such application form shall be accompanied by a certified copy of the letter of appointment of the executor or curator concerned;

(d) is a juristic person, the application form shall be signed by a person who is duly authorised thereto: Provided that—

(i) the capacity of the person concerned shall be specified on such application form; and

(ii) such application form shall be accompanied by a certified excerpt from the minutes containing the resolution whereby that authority was granted;

(e) has authorised another person to apply on his behalf, the application form shall be signed by the authorised person concerned: Provided that such application form shall be accompanied by the proxy concerned;

(f) is a partnership or such farm unit is owned by more that one person, the application form shall be signed by all the partners or co-owners concerned unless one of the partners or co-owners has a proxy referred to in paragraph (e); or

(g) is a trust, the application form shall be signed by the trustee of such trust: Provided that such application form shall be accompanied by certified copies of the documents whereby the trust concerned was created and the trustee concerned appointed.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(5) 'n Aansoek om die betaling van subsidies ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), in verband met die oprigting van 'n grondbewaringswerk op 'n plaaseenheid, wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie skema ingedien is maar nog nie op daardie datum goedgekeur was nie, word geag 'n aansoek in subartikel (1) bedoel, te wees.

***Inskrywing van plaaseenhede***

10. (1) Indien die uitvoerende beampte 'n aansoek om die inskrywing van 'n plaaseenheid met die oog op deelname aan hierdie skema goedkeur, moet hy die betrokke aansoeker skriftelik daarvan in kennis stel: Met dien verstande dat 'n aansoek nie aldus goedgekeur word nie tensy 'n plaasplan vir die betrokke plaaseenheid saam met so 'n kennisgewing aan die betrokke aansoeker verskaf word.

(2) 'n Plaaseenheid word geag vir deelname aan hierdie skema ingeskryf te wees indien 'n aansoek deur die huidige eienaar van daardie plaaseenheid om die betaling van subsidies ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), in verband met die oprigting van grondbewaringswerke voor die datum van inwerkingtreding van hierdie skema kragtens voormelde Wet goedgekeur is en sodanige goedkeuring steeds van krag is.

(3) Die inskrywing van 'n plaaseenheid vir deelname aan hierdie skema verval indien—

(a) die eienaar van die betrokke plaaseenheid—

(i) die uitvoerende beampte skriftelik in kennis gestel het van sy voorneme om die plaaseenheid aan deelname aan hierdie skema te onttrek; en

(ii) die subsidies, indien enige, wat ingevolge hierdie skema of ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), aan hom betaal is ten opsigte van die oprigting van grondbewaringswerke op die plaaseenheid, of sodanige gedeelte van daardie subsidies as wat die uitvoerende beampte bepaal, aan die uitvoerende beampte terugbetaal het; of

(b) die persoon aan wie 'n kennisgewing ingevolge subartikel (1) of 'n goedkeuring in subartikel (2) bedoel, uitgereik is, nie meer die eienaar van die betrokke plaaseenheid is nie.

***Plaasplanne***

11. (1) 'n Plaasplan in artikel 10 (1) van hierdie skema bedoel, word ingevolge artikel 10 van die Wet aan 'n grondgebruiker verskaf vir gebruik deur hom in verband met die benutting en bewaring van die natuurlike landbouhulpbronne.

(2) So 'n plaasplan bestaan uit—

(a) 'n kaart van die betrokke plaaseenheid waarop die benaderde posisies van alle bestaande en voorgestelde grondbewaringswerke en van alle paaie, spoorlyne, waterlope, standhoudende fonteine, boorgate, geboue, ander opvallende landmerke en sodanige ander besonderhede as wat vir die doeleindes van die Wet of 'n skema nodig geag word, aangetoon word;

(b) 'n lys van die grondbewaringswerke wat—

(i) vir oprigting op die betrokke plaaseenheid aanbeveel word, en ten opsigte waarvan subsidies kragtens hierdie skema betaal kan word; en

(ii) reeds op die betrokke plaaseenheid opgerig is, ongeag of subsidies ten opsigte daarvan voorheen ingevolge hierdie skema of ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), betaal is;

(5) An application for the payment of subsidies in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), in connection with the construction of a soil conservation work on a farm unit that was lodged prior to the date of commencement of this scheme but had not yet been approved on that date shall be deemed to be an application referred to in subsection (1).

***Entry of farm units***

10. (1) If the executive officer approves an application for the entry of a farm unit with a view to participation in this scheme, he shall notify the applicant concerned thereof in writing: Provided that an application shall not be thus approved unless a farm plan for the farm unit concerned will be provided to the applicant concerned together with such notice.

(2) A farm unit shall be deemed to have been entered for participation in this scheme if an application by the current owner of the farm unit for the payment of subsidies in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), in connection with the construction of soil conservation works thereon was approved in terms of the said Act prior to the date of commencement of this scheme and such approval is still in force.

(3) The entry of a farm unit for participation in this scheme shall lapse if—

(a) the owner of the farm unit concerned—

(i) has notified the executive officer in writing of his intention to withdraw the farm unit from participation in this scheme; and

(ii) has repaid to the executive officer the subsidies, if any, that were paid to him in terms of this scheme or in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), in respect of the construction of soil conservation works on the farm unit, or such portion of those subsidies as the executive officer may determine; or

(b) the person to whom a notice in terms of subsection (1) or an approval referred to in subsection (2) was issued, is no longer the owner of the farm unit concerned.

***Farm plans***

11. (1) A farm plan referred to in section 10 (1) of this scheme shall be provided to a land user in terms of section 10 of the Act for use by him in connection with the utilisation and conservation of the natural agricultural resources.

(2) Such a farm plan shall consist of—

(a) a map of the farm unit concerned on which the approximate positions of all existing and proposed soil conservation works, as well as of all roads, railway lines, watercourses, permanent fountains, boreholes, buildings, other prominent land marks and such other particulars as are deemed necessary for the purposes of the Act or a scheme are indicated;

(b) a list of the soil conservation works that—

(i) are recommended for construction on the farm unit concerned, and in respect of which subsidies could be paid in terms of this scheme; and

(ii) have already been constructed on the farm unit concerned, irrespective of whether subsidies were previously paid in respect thereof in terms of this scheme or in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969);

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(c) 'n bestuursprogram met betrekking tot die benutting en bewaring van die natuurlike landbouhulpbronne op die betrokke plaaseenheid, vir sover dit betrekking het op—

(i) die bestuur van die veld en landerye van daardie plaaseenheid;

(ii) die maksimum getal van elke soort, tipe of ras dier wat op daardie plaaseenheid aangehou behoort te word;

(iii) die grootte en samestelling van die kuddes wat op daardie plaaseenheid aangehou behoort te word; en

(iv) sodanige ander aangeleenthede as wat in 'n bepaalde geval doenlik geag word; en

(d) sodanige verdere stukke as wat in 'n bepaalde geval nodig geag word.

(3) 'n Stuk wat—

(a) uit 'n kaart in subartikel (2) (a) bedoel en 'n lys in subartikel (2) (b) bedoel, bestaan;

(b) voor die datum van inwerkingtreding van hierdie skema aan die huidige eienaar van 'n plaaseenheid verskaf is; en

(c) op sodanige datum van inwerkingtreding steeds van krag is, word geag 'n plaasplan in subartikel (1) bedoel, te wees:

Met dien verstande dat so 'n plaasplan deur 'n bestuursprogram in subartikel (2) (c) bedoel, aangevul moet word by die eerste geleentheid waarop sodanige kaart of lys ingevolge subartikel (4) gewysig, aangevul of vervang word.

(4) Die uitvoerende beampte kan te eniger tyd, hetsy uit eie beweging of op versoek van die eienaar van 'n plaaseenheid, die plaasplan vir daardie plaaseenheid wysig, aanvul, vervang of, behoudens die bepalings van subartikel (5), intrek.

(5) Indien enige hulp ingevolge 'n skema aan die eienaar van 'n plaaseenheid verleen is of 'n subsidie of toekenning ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), aan hom betaal of gedoen is, word die plaasplan vir daardie plaaseenheid nie ingevolge subartikel (4) ingetrek nie, tensy—

(a) 'n ander plaasplan daarvoor uitgereik word; of

(b) die inskrywing van daardie plaaseenheid met die oog op deelname aan hierdie skema ingevolge artikel 10 (3) verval het.

*Toestemming om grondbewaringswerke op te rig*

12. (1) Die oprigting van 'n voorgestelde grondbewaringswerk vermeld in 'n lys in artikel 11 (2) (b) bedoel, mag nie 'n aanvang neem voordat die uitvoerende beampte skriftelik toestemming daartoe verleen het nie.

(2) 'n Aansoek om 'n toestemming in subartikel (1) bedoel, moet op 'n vorm gedoen word wat vir dié doel by 'n voorligtingskantoor verkrygbaar is.

(3) So 'n aansoekvorm moet—

(a) behoudens die bepalings van artikel 9 (4), deur die eienaar van die betrokke plaaseenheid ingevul word;

(b) nadat dit aldus ingevul is, ingedien word by die voorligtingskantoor vir die gebied waarin die betrokke plaaseenheid geleë is; en

(c) vergesel gaan van 'n verklaring op 'n vorm wat vir dié doel by 'n voorligtingskantoor verkrygbaar is, waarin besonderhede van die aantal diere wat op die betrokke plaaseenheid aangehou word, verstrek word.

(c) a management programme with regard to the utilisation and conservation of the natural agricultural resources on the farm unit concerned, in so far as it relates to—

(i) the management of the veld and lands of that farm unit;

(ii) the maximum number of each kind, type or breed of animal that should be kept on that farm unit;

(iii) the size and composition of the herds that should be kept on that farm unit; and

(iv) such other matters as may be deemed expedient in a particular case; and

(d) such further documents as may be deemed necessary in a particular case.

(3) A document that—

(a) consists of a map referred to in subsection (2) (a) and a list referred to in subsection (2) (b);

(b) has been provided to the current owner of a farm unit prior to the date of commencement of this scheme; and

(c) is still in force on such date of commencement,

shall be deemed to be a farm plan referred to in subsection (1): Provided that such a farm plan shall be supplemented with a management programme referred to in subsection (2) (c) on the first occasion that such map or list is amended, supplemented or substituted in terms of subsection (4).

(4) The executive officer may at any time, either of his own accord or at the request of the owner of a farm unit, amend, supplement, substitute or, subject to the provisions of subsection (5), withdraw the farm plan for that farm unit.

(5) If any assistance has been rendered to the owner of a farm unit under a scheme or any subsidy or grant has been paid or made to him in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), the farm plan for that farm unit shall not be withdrawn in terms of subsection (4) unless—

(a) another farm plan is issued for it; or

(b) the entry of that farm unit with a view to participation in this scheme has lapsed in terms of section 10 (3).

*Consent to construct soil conservation works*

12. (1) The construction of a proposed soil conservation work specified in a list referred to in section 11 (2) (b) shall not commence before the executive officer has consented thereto in writing.

(2) An application for a consent referred to in subsection (1) shall be made on a form obtainable for this purpose from an extension office.

(3) Such an application form shall—

(a) subject to the provisions of section 9 (4), be completed by the owner of the farm unit concerned;

(b) after being thus completed, be lodged at the extension office for the area within which the farm unit concerned is situated; and

(c) be accompanied by a statement on a form obtainable for this purpose from an extension office, in which particulars are furnished of the number of animals kept on the farm unit concerned.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(4) 'n Aansoek om 'n toestemming om 'n voorgestelde grondbewaringswerk op te rig ten opsigte waarvan subsidies ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), betaalbaar sou wees, en wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie skema ingedien is maar nog nie op daardie datum goedgekeur was nie, word geag 'n aansoek in subartikel (2) bedoel, te wees.

(5) Indien die uitvoerende beampte 'n aansoek in subartikel (2) bedoel, goedkeur, moet hy 'n skriftelike toestemming om met die oprigting van die betrokke voorgestelde grondbewaringswerk te begin, aan die betrokke aansoeker uitreik.

(6) So 'n toestemming moet—

(a) die voorgestelde grondbewaringswerk waarop dit betrekking het, vermeld;

(b) die vervaldatum daarvan vermeld;

(c) in die geval van 'n voorgestelde grondbewaringswerk wat opgerig gaan word met materiaal wat aangekoop moet word, die materiaal vermeld ten opsigte waarvan fakture verkry en vir insae deur die uitvoerende beampte bewaar moet word; en

(d) vergesel gaan van die planne en spesifikasies waarvolgens die betrokke voorgestelde grondbewaringswerk opgerig moet word.

(7) Ondanks die bepalings van subartikel (6) (d) kan 'n eienaar, wanneer hy 'n aansoek in subartikel (2) bedoel, indien, sy eie planne en spesifikasies vir 'n voorgestelde grondbewaringswerk voorlê, en indien die uitvoerende beampte sodanige planne en spesifikasies aanvaar, word dit geag dié te wees waarvolgens die betrokke voorgestelde grondbewaringswerk opgerig moet word.

(8) 'n Toestemming in subartikel (1) bedoel, word nie uitgereik nie tensy die uitvoerende beampte oortuig is dat die getal diere wat op die veld van die betrokke plaaseenheid aangehou word, nie die maksimum getal diere soos aan die hand van die voorgeskrewe weidingskapasiteit vir daardie plaaseenheid bepaal, oorskry nie.

(9) 'n Toestemming om 'n voorgestelde grondbewaringswerk op te rig ten opsigte waarvan subsidies ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), betaalbaar sou wees, wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie skema uitgereik is, word, indien dit op sodanige datum nog van krag is, geag 'n toestemming in subartikel (1) bedoel, te wees.

***Kennisgewings van voltooiing van oprigting***

13. (1) Die uitvoerende beampte moet in kennis gestel word van die voltooiing van elke grondbewaringswerk wat kragtens 'n toestemming in artikel 12 bedoel, opgerig is.

(2) So 'n kennisgewing moet—

(a) behoudens die bepalings van artikel 9 (4), deur die eienaar van die plaaseenheid waarop so 'n grondbewaringswerk opgerig is, verstrek word;

(b) aan die beampte in beheer van die voorligtingskantoor vir die gebied waarin die betrokke plaaseenheid geleë is, oorgedra word; en

(c) voor of op die vervaldatum wat in die betrokke toestemming vermeld is, aldus oorgedra word.

(3) Indien 'n kennisgewing van die voltooiing van 'n grondbewaringswerk nie voor of op die vervaldatum in subartikel (2) (c) bedoel, verstrek is nie, kan die uitvoerende beampte—

(a) weier om enige subsidie ten opsigte van die oprigting van daardie grondbewaringswerk te betaal; of

(b) die betaling van die subsidie ten opsigte van die oprigting van daardie grondbewaringswerk uitstel vir sodanige tydperk as wat hy bepaal.

(4) An application for a consent for the construction of a proposed soil conservation work in respect of which subsidies would have been payable in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), that was lodged prior to the date of commencement of this scheme but had not yet been approved on that date shall be deemed to be an application referred to in subsection (2).

(5) If the executive officer approves an application referred to in subsection (2), he shall issue a written consent to the applicant concerned to commence with the construction of the proposed soil conservation work concerned.

(6) Such a consent shall—

(a) specify the proposd soil conservation work to which it relates;

(b) specify the expiry date thereof;

(c) in the case of a proposed soil conservation work that will be constructed with material that has to be purchased, specify the material in respect of which invoices have to be obtained and preserved for perusal by the executive officer; and

(d) be accompanied by the plans and specifications in accordance with which the proposed soil conservation work concerned must be constructed.

(7) Notwithstanding the provisions of subsection (6) (d), an owner may lodge his own plans and specifications for a proposed soil conservation work when submitting an application referred to in subsection (2), and, if the executive officer accepts such plans and specifications, they shall be deemed to be those in accordance with which the proposed soil conservation work concerned must be constructed.

(8) A consent referred to in subsection (1) shall not be issued unless the executive officer is satisfied that the number of animals kept on the veld of the farm unit concerned does not exceed the maximum number of animals as determined on the basis of the prescribed grazing capacity for that farm unit.

(9) A consent to construct a proposed soil conservation work in respect of which subsidies would have been payable in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), that was issued prior to the date of commencement of this scheme shall, if it is still in force on such date, be deemed to be a consent referred to in subsection (1).

***Notices of completion of construction***

13. (1) The executive officer shall be notified of the completion of each soil conservation work constructed in terms of a consent referred to in section 12.

(2) Such a notice shall—

(a) subject to the provisions of section 9 (4), be furnished by the owner of the farm unit on which such a soil conservation work was constructed;

(b) be conveyed to the officer in charge of the extension office for the area within which the farm unit concerned is situated; and

(c) be thus conveyed on or before the expiry date specified in the consent concerned.

(3) If a notice of the completion of a soil conservation work is not furnished on or before the expiry date referred to in subsection (2) (c), the executive officer may—

(a) refuse to pay any subsidy in respect of the construction of that soil conservation work; or

(b) postpone the payment of the subsidy in respect of the construction of that soil conservation work for such period as he may determine.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(4) 'n Kennisgewing van die voltooiing van die oprigting van 'n grondbewaringswerk ten opsigte waarvan subsidies ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), betaalbaar sou wees, wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie skema verstrek is, word, indien sodanige subsidies nog nie op daardie datum betaal is nie, geag 'n kennisgewing in subartikel (1) bedoel, te wees.

***Verlenging van geldigheidsduur van toestemmings***

14. (1) Indien 'n voorgestelde grondbewaringswerk waarskynlik nie betyds voltooi sal wees om te verseker dat 'n kennisgewing in artikel 13 (1) bedoel, voor of op die vervaldatum in artikel 13 (2) (c) bedoel, verstrek kan word nie, kan die uitvoerende beampte daardie vervaldatum op aansoek uitstel.

(2) Die bepalings van artikel 12 met betrekking tot 'n aansoek om 'n toestemming om 'n voorgestelde grondbewaringswerk op te rig, is *mutatis mutandis* van toepassing met betrekking tot 'n aansoek om die uitstel van die vervaldatum in sodanige toestemming vermeld: Met dien verstande dat sodanige aansoek die betrokke voorligtingskantoor nie later nie as die vervaldatum in die betrokke toestemming vermeld, moet bereik.

(3) Wanneer die uitvoerende beampte 'n aansoek om die uitstel van die vervaldatum vermeld in 'n toestemming in artikel 12 bedoel, goedkeur, moet hy 'n nuwe toestemming vir die oprigting van die betrokke voorgestelde grondbewaringswerk uitreik.

***Verklaring en verslae oor oprigting van grondbewaringswerke***

15. (1) Die uitvoerende beampte moet—

(a) die persoon wat 'n kennisgewing in artikel 13 bedoel, verstrek het, versoek om 'n verklaring betreffende die oprigting van die betrokke grondbewaringswerk af te lê; of

(b) sodanige grondbewaringswerk ondersoek en 'n verslag oor die oprigting daarvan opstel.

(2) 'n Verklaring in subartikel (1) (a) bedoel, moet op 'n vorm afgelê word wat vir dié doel by 'n voorligtingskantoor verkrygbaar is, en moet—

(a) behoudens die bepalings van artikel 9 (4), deur die eienaar van die betrokke plaaseenheid afgelê word;

(b) aldus afgelê word in die teenwoordigheid van 'n beampte van die departement wat werksaam is by die voorligtingskantoor vir die gebied waarin die betrokke plaaseenheid geleë is;

(c) die presiese afmetings en spesifikasies van die betrokke grondbewaringswerk vermeld; en

(d) 'n bevestiging bevat dat—

(i) die betrokke grondbewaringswerk volledig opgerig is ooreenkomstig die planne en spesifikasies wat ingevolge artikel 12 ten opsigte daarvan voorsien of aanvaar is en, indien van toepassing, dat sodanige grondbewaringswerk bevredigend funksioneer;

(ii) die vermelde afmetings en spesifikasies van die betrokke grondbewaringswerk juis is;

(iii) die betrokke grondbewaringswerk met nuwe materiaal opgerig is, behalwe waar anders aangedui; en

(iv) die verklaarder bewus is dat enige subsidies wat op grond van die betrokke verklaring aan hom betaal is onmiddellik deur hom terugbetaalbaar sal wees indien dit later blyk dat enige besonderhede in sodanige verklaring onjuis is.

(3) 'n Verslag in subartikel (1) (b) bedoel, moet—

(a) op 'n vorm vir dié doel deur die uitvoerende beampte bepaal, opgestel word;

(4) A notice of the completion of the construction of a soil conservation work in respect of which subsidies would have been payable in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), that was furnished prior to the date of commencement of this scheme shall, if such subsidies had not yet been paid on that date, be deemed to be a notice referred to in subsection (1).

***Extension of validity of consents***

14. (1) If a proposed soil conservation work will probably not be completed in time to ensure that a notice referred to in section 13 (1) can be furnished on or before the expiry date referred to in section 13 (2) (c), the executive officer may on application postpone that expiry date.

(2) The provisions of section 12 with regard to an application for a consent to construct a proposed soil conservation work shall apply *mutatis mutandis* with regard to an application for the postponement of the expiry date specified in such consent: Provided that such application shall reach the extension office concerned not later than the expiry date specified in the consent concerned.

(3) When the executive officer approves an application for the postponement of the expiry date specified in a consent referred to in section 12, he shall issue a fresh consent for the construction of the proposed soil conservation work concerned.

***Statements and reports on construction of soil conservation works***

15. (1) The executive officer shall—

(a) request the person who has furnished a notice referred to in section 13 to make a statement relating to the construction of the soil conservation work concerned; or

(b) inspect such soil conservation work and compile a report on the construction thereof.

(2) A statement referred to in subsection (1) (a) shall be made on a form obtainable for this purpose from an extension office and shall—

(a) subject to the provisions of section 9 (4), be made by the owner the farm unit concerned;

(b) be thus made in the presence of an officer of the department employed at the extension office for the area within which the farm unit concerned is situated;

(c) state the exact dimensions and specifications of the soil conservation work concerned; and

(d) contain a confirmation that—

(i) the soil conservation work concerned has been fully constructed in accordance with the plans and specifications provided or accepted in terms of section 12 in respect thereof and, if applicable, that such soil conservation work functions satisfactorily;

(ii) the stated dimensions and specifications of the soil conservation work concerned are correct;

(iii) the soil conservation work concerned was constructed with new material except where otherwise indicated; and

(iv) the deponent is aware that any subsidies paid to him on the basis of the statement concerned shall immediately be payable by him if it later appears that any particulars in such statement are incorrect.

(3) A report referred to in subsection (1) (b) shall—

(a) be compiled on a form determined by the executive officer for this purpose;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(b) die presiese afmetings en spesifikasies van die betrokke grondbewaringswerk vermeld; en

(c) sodanige ander besonderhede bevat as wat op die betrokke vorm vereis word.

(4) 'n Verklaring of verslag oor die oprigting van 'n grondbewaringswerk ten opsigte waarvan subsidies ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), betaalbaar sou wees, wat voor die datum van inwerkingtreding van hierdie skema afgelê of opgestel is, word, indien sodanige subsidies nog nie op daardie datum betaal is nie, geag onderskeidelik 'n verklaring in subartikel (2) bedoel of 'n verslag in subartikel (3) bedoel, te wees.

(5) Die uitvoerende beampte kan te enige tyd 'n grondbewaringswerk ten opsigte waarvan 'n verklaring in subparagraaf (2) bedoel, afgelê is, ondersoek, hetsy voordat of nadat 'n subsidie ten opsigte van die oprigting daarvan betaal is, en moet daarna 'n verslag in subparagraaf (3) bedoel, daaroor opstel.

(6) Elke verklaring in subartikel (2) bedoel en elke verslag in subartikel (3) bedoel, moet deur die uitvoerende beampte nagesien en aan die toepaslike stukke in artikels 9, 10, 11, 12 en 13 bedoel en die toepaslike bepalings van hierdie skema vergelyk word ten einde te bepaal of 'n subsidie ten opsigte van die oprigting van die betrokke grondbewaringswerk betaalbaar is.

(7) Indien dit uit 'n ondersoek in subartikel (1) (b) of (5) bedoel of uit die nasien van 'n verklaring of verslag ingevolge subartikel (6) blyk dat 'n grondbewaringswerk 'n tekortkoming het omdat dit nie ooreenkomstig die toepaslike planne en spesifikasies in artikel 12 bedoel, opgerig is nie of dat die oprigting van sodanige grondbewaringswerk om 'n ander rede nie vir die betaling van 'n subsidie kwalifiseer nie—

(a) moet die uitvoerende beampte die persoon wat die kennisgewing van voltooiing van daardie grondbewaringswerk ingevolge artikel 13 verstrek het, skriftelik van sodanige tekortkoming of rede in kennis stel;

(b) is geen subsidie ten opsigte van die oprigting van daardie grondbewaringswerk betaalbaar voordat sodanige tekortkoming reggestel of sodanige rede uitgeskakel is nie; en

(c) kan 'n nuwe kennisgewing ingevolge artikel 13 verstrek word nadat sodanige tekortkoming reggestel of sodanige rede uitgeskakel is.

***Betaling van subsidies***

16. (1) Indien die uitvoerende beampte 'n verklaring of verslag aanvaar wat ingevolge artikel 15 (6) nagesien is, moet hy die bedrag bereken wat as subsidie ten opsigte van die oprigting van die betrokke grondbewaringswerk betaalbaar is.

(2) 'n Bedrag in subartikel (1) bedoel, word bereken ooreenkomstig die toepaslike tariewe wat in die tarieflys in artikel 7 bedoel, aangeteken is en wat—

(a) in die geval van 'n grondbewaringswerk ten opsigte waarvan 'n verklaring in artikel 15 (2) bedoel, afgelê is, van krag was op die datum waarop sodanige verklaring afgelê is; en

(b) in die geval van 'n ander grondbewaringswerk, van krag was op die datum waarop 'n kennisgewing van voltooiing ingevolge artikel 13 verstrek is.

(3) Die subsidie aldus bereken, word behoudens die bepalings van subartikels (4) en (5) en met inagneming van die beskikbaarheid van geld vir die doeleindes van hierdie skema bewillig, so spoedig doenlik betaal aan die eienaar van die plaaseenheid waarop die betrokke grondbewaringswerk opgerig is.

(4) Die eienaar van 'n plaaseenheid kan die uitvoerende beampte skriftelik versoek om enige subsidies wat hom toekom, aan iemand in sodanige versoek vermeld, te betaal.

(b) state the exact dimensions and specifications of the soil conservation work concerned; and

(c) contain such other particulars as are required on the form concerned.

(4) A Statement or report on the construction of a soil conservation work in respect of which subsidies would have been payable in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), that was made or compiled prior to the date of commencement of this scheme shall, if such subsidies had not yet been paid on that date, be deemed to be a statement referred to in subsection (2) or a report referred to in subsection (3) respectively.

(5) The executive officer may at any time inspect a soil conservation work in respect of which a statement referred to in subsection (2) has been made, may at any time either before or after a subsidy has been paid in respect of the construction thereof, and shall then compile a report referred to in subsection (3) thereon.

(6) Each statement referred to in subsection (2) and each report referred to in subsection (3) shall be checked by the executive officer and compared against the applicable documents referred to in sections 9, 10, 11, 12 and 13 and the applicable provisions of this scheme in order to determine whether a subsidy is payable in respect of the construction of the soil conservation work concerned.

(7) If it appears from an inspection referred to in subsection (1) (b) or (5), or from the checking of a statement or report in terms of subsection (6), that a soil conservation work has a shortcoming because it has not been constructed in accordance with the applicable plans and specifications referred to in section 12, or that the construction of such soil conservation work does not qualify for the payment of a subsidy for any other reason—

(a) the executive officer shall notify the person who furnished the notice of completion of that soil conservation work in terms of section 13, in writing of such shortcoming or reason;

(b) no subsidy shall be payable in respect of the construction of that soil conservation work before such shortcoming has been rectified or such reason eliminated; and

(c) a fresh notice may be furnished in terms of section 13 after such shortcoming has been rectified or such reason eliminated.

***Payment of subsidies***

16. (1) If the executive officer accepts a statement or report that has been checked in terms of section 15 (6), he shall calculate the amount payable as subsidy in respect of the construction of the soil conservation work concerned.

(2) An amount referred to in subsection (1) shall be calculated according to the applicable tariffs that are recorded in the tariff list referred to in section 7 and that—

(a) in the case of a soil conservation work in respect of which a statement referred to in section 15 (2) has been made, were in force on the date on which such statement was made; and

(b) in the case of another soil conservation work, were in force on the date on which a notice of completion was furnished in terms of section 13.

(3) The subsidy thus calculated shall, subject to the provisions of subsections (4) and (5) and with due regard to the availability of moneys appropriated for the purposes of this scheme, be paid to the owner of the farm unit on which the soil conservation work concerned was constructed as soon as is practicable.

(4) The owner of a farm unit may request the executive officer in writing to pay any subsidies due to him to a person specified in such request.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(5) Indien die uitvoerende beampte in kennis gestel is dat bystand by wyse van 'n lening ingevolge artikel 10 van die Wet op Landboukrediet, 1966 (Wet 28 van 1966), aan 'n grondgebruiker verleen is vir die oprigting van 'n grondbewaringswerk, word die subsidie wat ten opsigte van sodanige oprigting betaalbaar is, gebruik ter betaling of gedeeltelike betaling van die bedrag (met inbegrip van rente daarop) wat weens die verlening van sodanige bystand aan die Staat verskuldig is.

***Foutiewe betalings***

17. (1) Indien die uitvoerende beampte na aanleiding van 'n ondersoek ingevolge artikel 15 (5) van hierdie skema of artikel 18 van die Wet in verband met 'n grondbewaringswerk ten opsigte waarvan 'n subsidie ingevolge hierdie skema of ingevolge artikel 6 van die Grondbewaringswet, 1969 (Wet 76 van 1969), betaal is, oortuig is dat—

(a) geen subsidie ten opsigte van die oprigting van daardie grondbewaringswerk betaal moes gewees het nie; of

(b) die afmetings en spesifikasies van daardie grondbewaringswerk soos vermeld in 'n verklaring in artikel 15 (2) bedoel, onjuis is en dat die bedrag wat as sodanige subsidie betaal is, die bedrag oorskry het wat regtens as subsidie ten opsigte van die oprigting daarvan betaalbaar was,

moet die uitvoerende beampte die eienaar van die betrokke plaaseenheid skriftelik gelas om die betrokke bedrag of die bedrag te veel betaal, na gelang van die geval, tesame met rente daarop bereken op die grondslag in subartikel (2) uiteengesit, aan die uitvoerende beampte terug te betaal.

(2) Rente wat ingevolge subartikel (1) betaalbaar is, word bereken—

(a) teen 'n koers gelyk aan die koers wat ingevolge artikel 26 (1) van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), bepaal is en wat van toepassing is op die datum waarop die uitvoerende beampte die terugbetaling van die betrokke bedrag skriftelik gelas het; en

(b) vanaf die datum waarop die betrokke subsidie betaal is tot die laaste dag van die maand wat die maand van terugbetaling van sodanige verskuldigde bedrag voorafgaan.

(3) Indien dit te eniger tyd aan die lig kom dat 'n ander fout as 'n fout in subartikel (1) bedoel, gemaak is in die berekening van 'n subsidie wat kragtens hierdie skema betaal is, moet die uitvoerende beampte die eienaar van die betrokke plaaseenheid skriftelik gelas om die bedrag wat verkeerdelik aan hom betaal is, aan die uitvoerende beampte terug te betaal.

(4) 'n Bedrag wat ingevolge subartikel (3) terugbetaalbaar is, moet aan die uitvoerede beampte betaal word binne 60 dae na die datum waarop hy die terugbetaling daarvan skriftelik gelas het.

(5) Indien die eienaar van 'n plaaseenheid versuim om die bedrag wat ingevolge subartikel (3) deur hom terugbetaalbaar is, te betaal binne die tydperk in subartikel (4) bedoel, is rente op die verskuldigde bedrag betaalbaar teen 'n koers gelyk aan die koers wat ingevolge artikel 26 (1) van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), bepaal is en wat van toepassing is op die datum waarop die uitvoerende beampte die betrokke terugbetaling skriftelik gelas het.

***Voorwaardes waarop subsidies betaal word***

18. (1) Die betaling van 'n subsidie ingevolge hierdie skema ten opsigte van die oprigting van 'n grondbewaringswerk geskied op die volgende voorwaardes:

(a) Die betrokke grondbewaringswerk moet ooreenkomstig die bepalings van artikel 12 (1) (a) van die Wet in stand gehou word.

(5) If the executive officer has been notified that assistance by way of a loan in terms of section 10 of the Agricultural Credit Act, 1966 (Act 28 of 1966), has been rendered to a land user for the construction of a soil conservation work, the subsidy payable in respect of such construction shall be used as payment or part payment of the amount (including any interest thereon) due to the State on account of such assistance.

***Erroneous payments***

17. (1) If the executive officer, as a result of an inspection in terms of section 15 (5) of this scheme or section 18 of the Act, in connection with a soil conservation work in respect of which a subsidy was paid in terms of this scheme or in terms of section 6 of the Soil Conservation Act, 1969 (Act 76 of 1969), is satisfied that—

(a) no subsidy should have baan paid in respect of the construction of that soil conservation work; or

(b) the dimensions and specifications of that soil conservation work as specified in a statement referred to in section 15 (2) are incorrect and that the amount paid as such subsidy exceeded the amount that was lawfully payable as subsidy in respect of the construction thereof,

the executive officer shall direct the owner of the farm unit concerned in writing to repay to the executive officer the amount concerned or the amount paid in excess, as the case may be, together with interest thereon calculated on the basis set out in subsection (2).

(2) Interest payable in terms of subsection (1) shall be calculated—

(a) at a rate equal to the rate determined in terms of section 26 (1) of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975), and which is applicable on the date on which the executive officer directed the repayment of the amount concerned in writing; and

(b) from the date on which the subsidy concerned was paid until the last day of the month preceeding the month of repayment of such due amount.

(3) If at any time it appears that an error other than an error referred to in subsection (1) was made in the calculation of a subsidy paid in terms of this scheme, the executive officer shall direct the owner of the farm unit concerned in writing to repay to the executive officer the amount erroneously paid to him.

(4) An amount repayable in terms of subsection (3) shall be paid to the executive officer within 60 days of the date on which he directed the repayment thereof in writing.

(5) If the owner of a farm unit fails to pay the amount repayable by him in terms of subsection (3) within the period referred to in subsection (4), interest shall be payable on the amount due at a rate equal to the rate determined in terms of section 26 (1) of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975), and which is applicable on the date on which the executive officer directed the repayment concerned in writing.

***Conditions on which subsidies are paid***

18. (1) The payment of a subsidy in terms of this scheme in respect of the contruction of a soil conservation work is made on the following conditions:

(a) The soil conservation work concerned shall be maintained in accordance with the provisions of section 12 (1) (a) of the Act.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(b) Die boerderypraktyke wat gevolg word op die plaaseenheid waarop die betrokke grondbewaringswerk opgerig is, moet voldoen aan die bepalings van die bestuursprogram wat deel van die plaasplan vir daardie plaaseenheid uitmaak.

(c) Die getal diere wat aangehou word op die veld van die plaaseenheid waarop die betrokke grondbewaringswerk opgerig is, mag nie die getal oorskry wat ingevolge die Wet daarop aangehou mag word nie.

(2) Indien die eienaar van 'n plaaseenheid weier of versuim om te voldoen aan enige van die voorwaardes in subartikel (1) uiteengesit, moet die uitvoerende beampte die betrokke eienaar gelas om die subsidies wat kragtens hierdie skema ten opsigte van die oprigting van grondbewaringswerke aan hom betaal is, aan die uitvoerende beampte terug te betaal.

(3) 'n Bedrag wat ingevolge subartikel (2) terugbetaalbaar is, moet aan die uitvoerende beampte betaal word binne 60 dae na die datum waarop hy die terugbetaling daarvan skrifteik gelas het.

(4) Indien die eienaar van 'n plaaseenheid versuim om die bedrag wat ingevolge subartikel (2) deur hom terugbetaalbaar is, te betaal binne die tydperk in subartikel (3) bedoel, is rente op die verskuldigde bedrag betaalbaar teen die koers bepaal ingevolge artikel 26 (1) van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), en wat van toepassing was op die datum waarop die uitvoerende beampte die betrokke terugbetaling skriftelik gelas het.

***Inwerkingtreding***

19. Hierdie skema tree op 1 Junie 1984 in werking.

---

**No. R. 1046** **25 Mei 1984**

WET OP DIE BEWARING VAN LANDBOUHULPBRONNE, 1983 (WET 43 VAN 1983)

VLOEDHULPSKEMA.—INSTELLING

Ek, Gert Jeremias Kotzé, Adjunk-minister van Landbou, handelende namens die Mininster van Landbou, stel hierby kragtens artikel 8, gelees met artikel 9, van die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983), die Vloedhulpskema in die Bylae in.

G. J. KOTZÉ, Adjunk-minister van Landbou.

**BYLAE**

***Woordomskrywing***

1. In hierdie skema het enige woord of uitdukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"afleibaan" 'n kunsmatige vloeipad wat op grond opgerig is ten einde afloopwater weg te voer sonder om oormatige grondverlies te veroorsaak;

"beskermingswerk" 'n grondbewaringswerk wat ingevolge artikel 6 (1) as 'n beskermingswerk geklassifiseer is;

"die Wet" die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet 43 van 1983), en die regulasies daarkragtens uitgevaardig;

"dreineringswerk" 'n grondbewaringswerk wat ingevolge artikel 6 (2) as 'n dreineringswerk geklassifiseer is;

"droogtebystandwerk" 'n grondbewaringswerk wat ingevolge arikel 6 (4) as 'n droogtebystandwerk geklassifiseer is;

"grensheining" 'n heining op die grens tussen twee plaaseenhede;

"grondbewaringskema" die Grondbewaringskema ingestel kragtens artikel 8 van die Wet;

(b) The farming practices pursued on the farm unit on which the soil conservation work concerned has been constructed shall comply with the provisions of the management programme forming part of the farm plan for that farm unit.

(c) The number of animals kept on the veld of the farm unit on which the soil conservation work concerned has been constructed shall not exceed the number that may be kept thereon in terms of the Act.

(2) If the owner of a farm unit refuses or fails to comply with any of the conditions set out in subsection (1), the executive officer shall direct the owner concerned to repay to the executive officer the subsidies paid to him in terms of this scheme in respect of the construction of soil conservation works.

(3) An amount repayable in terms of subsection (2) shall be paid to the executive officer within 60 days of the date on which he directed the repayment thereof in writing.

(4) If the owner of a farm unit fails to pay the amount repayable by him in terms of subsection (2) within the period referred to in subsection (3), interest shall be payable on the amount due at a rate equal to the rate determined in terms of section 26 (1) of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975), that was applicable on the date on which the executive officer directed the repayment concerned in writing.

***Commencement***

19. This scheme shall come into operation on 1 June 1984.

---

**No. R. 1046** **25 May 1984**

CONSERVATION OF AGRICULTURAL RESOURCES ACT, 1983 (ACT 43 OF 1983)

FLOOD RELIEF SCHEME.—ESTABLISHMENT

I, Gert Jeremias Kotzé, Deputy Minister of Agriculture, acting on behalf of the Minister of Agriculture, hereby establish by virtue of section 8, read with section 9, of the Conservation of Agricultural Resources Act, 1983 (Act 43 of 1983), the Flood Relief Scheme in the Schedule.

G. J. KOTZÉ, Deputy Minister of Agriculture.

**SCHEDULE**

***Definitions***

1. Any word or expression in this scheme to which a meaning has been assigned in the Act shall have that meaning and, unless the context otherwise indicates—

"boundary fence" means a fence on the boundary between two farm units;

"date of inception", with regard to an area specified in column 1 of the Table, means the date specified in column 3 of the said Table opposite the area concerned;

"drainage work" means a soil conservation work which is classified in terms of section 6 (2) as a drainage work;

"drought relief work" means a soil conservation work which is classified in terms of section 6 (4) as a drought relief work;

"excessive soil loss" means the loss of soil through erosion which in the opinion of the executive officer exceeds the norm that he deems tolerable in a given situation with due regard to the relevant natural factors and farming practices;

"extension office" means an office of the department established with a view to the rendering of agricultural extension services;

"farm plan" means a farm plan as defined in section 1 of the Soil Conservation Scheme;